http://spilplus.journals.ac.za/

# OOR DIE TAALWETENSKAPLIKE GRONDE VAN TAALGEBRUIKSNORME:

## "important" of "importantly"?*

W.K. Winckler

### 1 Die adjektiefnorm

Die Tak Engels van die Staatstaaldiens huldig 'n norm wat ek hier "die adjektiefnorm" gaan noem. Volgens die adjektiefnorm is 'n sin soos die volgende onaanvaarbaar in die opsig dat dit 'n adverbium bevat, hier **importantly**, in stede van die ooreenstemmende adjektief, hier **important**:[1]

(1) **Of course, I thought it would help me, but, MORE IMPORTANTLY, I thought it would help users and readers of English everywhere.**

Hierdie sin is, interessant genoeg, van die hand van 'n adviseur oor Engelse taalgebruik, naamlik Theodore Bernstein. En, let wel, hy gee dit nie aan as 'n voorbeeld van 'n taalfout nie. Hy besig dit as 'n eie uiting in die voorwoord tot sy taalgebruikshandleiding **Dos, Don'ts and Maybes of English Usage.**[2]

Die bestaan van die adjektiefnorm, en die verdeeldheid daaroor binne die geledere van Engelse taalgebruiksadviseurs, is twee van die punte wat ook uit die volgende "usage note" van die **Heritage Illustrated Dictionary of the English Language** blyk:

(2) "**Important**, rather than the adverb **importantly**, is prescribed by *most grammarians in the following typical* construction: **His research has helped to verify several medical theories; more important, it suggests a whole new field of inquiry. More important** is thus construed as an

http://spilplus.journals.ac.za/



elliptical rendering of **what is more important**, with **important** (adjective) modifying **is**. Though **importantly** is not defensible grammatically, it often appears in such sentences. It is an acceptable alternative to **important** in the preceding example, according to 50 per cent of the Usage Panel."[3]

Wat sou 'n mens vanuit taalwetenskaplike oogpunt kan sê oor die meriete van die adjektiefnorm en oor Bernstein se versuim om die adjektiefnorm toe te pas? In wat volg, wil ek graag vanuit so 'n oogpunt vyf oorwegings skets wat, na dit my lyk, 'n bietjie lig op hierdie saak werp.

## 2 Twee eerste oorwegings

Kom ons begin deur te kyk na 'n stukkie potensiële teks, bestaande uit twee sinne:

(3) **Nobody had to persuade me to write this column. Of course, I thought it would help me, but I thought it would help users and readers of English everywhere, AND THIS WAS MORE IMPORTANT.**

Die tweede sin bestaan uit drie newegeskikte hoofsinne, wat deur **but** en **and** aan mekaar geskakel word. Kom ons noem hulle onderskeidelik "die **of course**-klous", "die **but**-klous" en "die **and**-klous". Met verwysing na sy sintaktiese status sou ek van die **and**-klous by geleentheid ook wil praat as "die **and**-neweskikking". Maar nou, wat dra die **and**-klous by tot die geheelbetekenis van die tweede sin? En breër gestel, wat is die aard van hierdie bydrae? Dit wil sê, wat is die semantiese funksie van die **and**-klous? Ek vermoed dat lesers sou kan verskil in hul detailinterpretasie van die geheelbetekenis van die tweede sin; in ieder geval, die volgende "lesing" van die "boodskap" van die **and**-klous lyk vir my redelik.

Met sy onderwerp, **this**, verwys die **and**-klous terug na die proposisie wat uitgedruk is in die **but**-klous, naamlik ongeveer dat die skrywer gedink het dat die kolom nut sou hê vir gebruikers en lesers van Engels oraloor. Hierdie proposisie dien as eerste term van die vergelyking wat met die gesegde van die **and**-klous, naamlik **was more important**, aangedui word. Ek sê die vergelyking word "aangedui", nie "uitgedruk" nie, want op hierdie punt in die teks word die tweede term van die vergelyking verswyg. Die tweede

http://spilplus.journals.ac.za/



term is die proposisie wat uitgedruk is in die of course-klous, naamlik ongeveer dat die skrywer gedink het dat die kolom vir hom nut sou hê. Dit alles in ag genome, het die boodskap van die and-klous myns insiens die volgende strekking:

(4) Die feit dat die skrywer gedink het dat die kolom vir ander mense nut sou hê, was van groter belang as die feit dat hy natuurlik gedink het dat die kolom vir homself nut sou hê.

Werp hierdie opmerkings nou lig hoegenaamd op die aard van die bydrae wat die and-klous maak tot die geheelbetekenis van die tweede sin in (3)? Na dit my lyk, word die predikaat "more important" via this toegeken aan 'n hele proposisie (die proposisie in die but-klous). Die and-klous dien met ander woorde as 'n uitspraak oor 'n voorafgaande proposisie/klous. Dit het, ten opsigte van laasgenoemde, 'n modifiserende of bepalende funksie. 'n Uitdrukking modifiseer of bepaal immers 'n ander uitdrukking, soos dit in Webster's Third International Dictionary gestel word, deurdat hy die betekenis daarvan begrens of beperk.[4] Voorts: die and-klous "skou terug" op die voorafgaande proposisie/klous, en dit skou terug "oor" 'n neweskikkende voegwoord "heen" (and). Kortom, die semantiese funksie van die and-klous is om 'n voorafgaande, newegeskikte klous te modifiseer. 'n Moontlike naam vir hierdie semantiese funksie is "(die funksie van) neweskikkende terugskouende klousbepaling". Dienooreenkomstig kan ons van die and-klous praat as "'n neweskikkende klousbepaler".

Die tweede sin van (3) hierbo toon groot ooreenkoms na sowel vorm as betekenis met die sinne hieronder, waar ek name gee aan die gedeeltes wat in hoofletters staan:

(5) (a) what-bystelling:

Of course, I thought it would help me, but I thought it would help users and readers of English everywhere, **WHAT WAS MORE IMPORTANT.**

(b) and-inlas:

Of course, I thought it would help me, but, **AND THIS WAS MORE IMPORTANT,** I thought it would help users and readers of English everywhere.

(c) what-inlas:

http://spilplus.journals.ac.za/



**Of course, I thought it would help me, but, WHAT WAS MORE IMPORTANT, I thought it would help users and readers of English everywhere.**

(d) verkorte **what**-inlas:

**Of course, I thought it would help me, but, MORE IMPORTANT, I thought it would help users and readers of English everywhere.**

Trouens, die verskille tussen die sinne van (3) en (5) is beperk tot die gedeeltes wat *hierbo in hoofletters staan.* Selfs hierdie gedeeltes toon egter belangrike vormlike ooreenkomste: almal het die adjektieffrase **more important** gemeen met mekaar; almal behalwe een bevat 'n vorm van die werkwoord **be**; almal behalwe een het 'n voornaamwoord as onderwerp. Wat die betekenis betref, is die semantiese funksie van hierdie gedeeltes telkens om die proposisie wat *in 'n klous uitgedruk* word, te modifiseer of bepaal. By (5a) verloop die bepaling terugskouend via **what**; by (5b) is dit vooruitskouend via **this**; by (5c) is dit vooruitskouend via **what**; by (5d) is dit eweneens vooruitskouend, alhoewel in hierdie geval die bepaling nie verloop via 'n uitdruklike item as tussenganger nie. (Die posisie of gleuf waarin die *hooflettergedeeltes by (5b) tot (d) optree, noem ek "die* sinsbeginposisie".) Vir die doel van hierdie stuk sal ek aanneem dat al vyf bostaande hooflettergedeeltes dieselfde semantiese funksie vervul, naamlik neweskikkende klousbepaling.

Voorts moet ek nog die een en ander sê oor twee van die bepalende of modifiserende funksies van die uitdrukkings wat in die tradisionele grammatika as adverbiaal beskou word.[5] Enersyds: adverbia kan enkele woorde of sinsdele modifiseer, soos in onderstaande voorbeelde (waar die adverbium in hoofletters staan en die gemodifiseerde sinsdeel tussen vierkanthakies):

(6) (a) **They [came] YESTERDAY.**

(b) **She is RATHER [shy].**

(c) **He [broke the code] IMMEDIATELY.**

*(d) He broke the code* **ALMOST [immediately].**

In die eerste voorbeeld modifiseer of bepaal die betekenis van **yesterday** die van **came**; bondiger gestel, **yesterday** bepaal **came**. Net so kan ons van die ander voorbeelde, in volgorde, sê: **rather** bepaal **shy, immediately** bepaal **broke the code** en **almost** bepaal **immediately**. Andersyds: adverbia kan

http://spilplus.journals.ac.za/



hele klouse of sinne (nie net enkele sinsdele nie) modifiseer, soos in die volgende:

(7) (a) PERHAPS [they came yesterday].

(b) UNFORTUNATELY [she is rather shy and her mistress seems quite unapproachable].

(c) THAT EVENING [he finally broke the code].

Hierdie twee funksies van adverbia noem ek onderskeidelik "(die funksie van) sinsdeelbepaler" en "(die funksie van) sinsbepaler".

Ons is nou toegerus met die nodige agtergrondsbegrippe om vlugtig te kyk na die eerste twee taalwetenskaplike oorwegings. In Bernstein se sin word in eerste instansie twee semantiese funksies met mekaar verwar. Die afgekorte **what**-inlas word naamlik per abuis aangewend in die funksie van sinsbepaler, nie van neweskikkende klousbepaler nie. In tweede instansie gaan hierdie verwarring van semantiese funksies gepaard met 'n verwarring van sintaktiese kategorieë. Die kategorie adverbium word naamlik per abuis gestel in die plek van die kategorie adjektief. En hierdie kategorieverwarring impliseer nou dat, indien Bernstein se **importantly**-sin korrek sou wees, sinne soos die volgende eweneens korrek sou wees:

(8) (a) *Of course, I thought that it would help me, but, AND THIS WAS MORE IMPORTANTLY, I thought it would help users and readers of English everywhere.

(b) *Of course, I thought it would help me, but, WHAT WAS MORE IMPORTANTLY, I thought it could help users and readers of English everywhere.

(c) *Of course, I thought it would help me, but I thought it would help users and readers of English everywhere, AND THIS WAS MORE IMPORTANTLY.

So 'n implikasie is ooglopend onjuis. Die grammatikale fout sowel by Bernstein se eie sin as by die verwante sinne in (8) is die on-Engelse kombinasie van **be** plus adverbium as predikaat. Hier is nog voorbeelde van dieselfde fout:

(9) (a) *To these people, nothing was more importantly than personal happiness.

http://spilplus.journals.ac.za/



(b) ***Telling the truth is importantly.**

(c) ***It will be importantly not to exaggerate these dangers in the public mind.**

Om saam te vat: dit blyk uit die bostaande dat die onaanvaarbaarheid van Bernstein se sin te wyte is aan die verwarring van twee semantiese funksies met mekaar en aan die verwarring van twee sintaktiese kategorieë met mekaar. Hierdie dubbele verwarring bring *mee* dat die sin 'n *algemene* "verbod" van die grammatika van Engels oortree, naamlik die verbod op die kombinasie van be plus adverbium as predikaat.

## 3 'n Derde oorweging

Beskou voorts hierdie voorbeelde:

(10) (a) **They CERTAINLY tried.**

(b) **CERTAINLY they tried.**

(c) **CERTAINLY, they tried.**

(d) **They tried, CERTAINLY.**

**Certainly** vervul in al vier hierdie gevalle die funksie van sinsbepaler, ongeag sy posisie. Dieselfde geld as die werkwoord van 'n grammatiese voorwerp vergesel gaan:

(11) (a) **They CERTAINLY tried the new drug.**

(b) **CERTAINLY they tried the new drug.**

(c) **CERTAINLY, they tried the new drug.**

(d) **They tried the new drug, CERTAINLY.**

**Quickly** vervul in al vier gevalle eweneens die funksie van sinsdeelbepaler, ongeag sy posisie:

(12) (a) **He QUICKLY turned.**

(b) **QUICKLY he turned.**

(c) **QUICKLY, he turned.**

(d) **He turned QUICKLY.**

http://spilplus.journals.ac.za/



(13) (a) He **QUICKLY** turned it over.

(b) **QUICKLY** he turned it over.

(c) **QUICKLY**, he turned it over.

(d) He turned it over **QUICKLY**.

Die belangrike hier is, soos Perrin dit stel, dat "... the position of adverbial modifiers in a sentence is variable."[6] Let in die besonder daarop dat die sinsbeginposisie ingeneem kan word deur òf 'n sinsbepaler òf 'n sinsdeelbepaler. Dit volg ook dat die posisie van adverbiale uitdrukkings in 'n sin nie kan dien as die enigste en afdoende indeks om hul semantiese funksie te identifiseer nie.[7] Anders gestel, (formele) gleuf en (semantiese) rol staan nie in 'n een-tot-een-verhouding nie.

Maar om terug te kom by die Bernstein-sin. Ons het gesien dat die sinsbeginposisie vrylik adverbiale uitdrukkings "ontvang"; ook het ons gesien dat die sinsbeginposisie vrylik adverbiale uitdrukkings ontvang wat uiteenlopende semantiese funksies vervul. Hierdie twee feite, "herbergsaamheid" en "semantiese verskeidenheid", verklaar moontlik in 'n mate waarom Bernstein hom laat mislei tot die gebruik van 'n adverbiumkonstruksie vir 'n idee wat oorgedra behoort te word deur middel van 'n adjektiefkonstruksie (die verkorte **what**-inlas). 'n Derde taalwetenskaplik tersaaklike oorweging is dus, lyk dit my, dat hierdie twee feite 'n soort druk uitoefen teen die korrekte toepassing van die adjektiefnorm. Die bestaan van so 'n druk sou aangebied kan word as 'n "versagtende omstandigheid" by Bernstein (en ander mense) se "oortreding" van die adjektiefnorm.

## 4 'n Vierde oorweging

In die vierde plek lyk dit of daar 'n interessante verskil is tussen adverbia soos **significantly** en adverbia soos **importantly**. Hierdie verskil is, benaderd gestel, dat **importantly** maar nie **significantly** nie 'n beperkter betekenis het as die adjektief waaraan dit verwant is.

Maar kom ons kyk nou eers na die volgende voorbeelde:

(14) (a) **REGRETTABLY**, [they failed to do so].

(b) **POSSIBLY**, [we may have to consider that].

http://spilplus.journals.ac.za/



(c) **INEVITABLY**, [the PM tendered his resignation].

Die sinsbepalers staan hier in hoofletters en die bepaalde klouse tussen vierkanthakies. Soortgelyk in betekenis (maar nie identies nie) is sinne soos die volgende, waar die hoofsinne die semantiese funksie het wat ek sal noem "onderskikkende vooruitskouende klousbepaling":

(15) (a) **IT IS REGRETTABLE [that they failed to do so].**

(b) **IT IS POSSIBLE [that we may have to consider that].**

(c) **IT WAS INEVITABLE [that the PM should tender his resignation].**

Die ooreenkoms behels twee punte. Ten eerste: die **that**-klouse in (15) korrespondeer met die bepaalde klouse in (14). Ten tweede: die hoofklouse in (15) korrespondeer (naastenby) met die sinsbepalers in (14). In aansluiting by hierdie tweede punt noem ek sulke hoofklouse "**that**-klousbepalers"; dienooreenkomstig noem ek die semantiese funksie van die adjektiewe in sulke hoofklouse ook "that-klousbepaler". In hierdie lig gesien, kan 'n mense sê, korrespondeer die semantiese funksie van sinsbepaler wat deur adverbia soos **regrettably, possibly** en **inevitably** vervul word, (naastenby) met die semantiese funksie van **that**-klousbepaler wat deur adjektiewe soos **regrettable, possible** en inevitable vervul word.

Dit bring ons terug by die verskil tussen **significantly** en **importantly** waarvan daar vroeër sprake was. **Significantly** kan die funksie van sinsdeelbepaler vervul; naas sinne soos (a) hieronder is daar ooreenstemmende sinne soos (b):

(16) (a) **They looked at each other in a significant manner.**

(b) **They looked at each other significantly.**

**Significantly** kan ook die funksie van sinsbepaler vervul; naas sinne soos (a) hieronder (met significant as that-klousbepaler) is daar ooreenstemmende sinne soos (b):

(17) (a) **It was significant that he consulted all the members.**

(b) **Significantly, he consulted all the members.**

http://spilplus.journals.ac.za/



Met ander woorde, **significantly** kan 'n betekenis hê wat (naastenby) ooreenstem met **it is significant that...** . **Importantly**, daarteenoor, kan nie as sinsbepaler optree nie; dit is waarom sin (b) hieronder ongrammaties is met die interpretasie wat met sin (a) s'n klop:

(18) (a) **It was important that he always consulted all the members.**
(b) **Importantly he always consulted all the members.**

**Importantly** kan net as sinsdeelbepaler optree; daarom dat sin (c) hieronder grammaties is met die interpretasie wat met sinne (a) en (b) van onderstaande voorbeelde klop:

(19) (a) **He consulted all the members in his important manner.**
(b) **He importantly consulted all the members.**
(c) **Importantly he consulted all the members.**

Met ander woorde, **importantly** bied geen betekenis wat korrespondeer met **it is important that....** nie; inteendeel, die betekenis daarvan in bostaande voorbeelde is "op grootdoenerige wyse". Juis hierdie betekenis dring hom uiteraard in Bernstein se sin op die voorgrond. Maar binne die raamwerk van Bernstein se voorwoord is die idee van grootdoenerigheid tog volledig misplaas.

Om saam te vat: 'n vierde taalwetenskaplike oorweging in verband met Bernstein se **importantly**-uiting is die feit dat **importantly**, anders as die meeste afgeleide adverbia op -ly, 'n enger betekenis het as sy verwante adjektief --- naamlik net "grootdoenerig" en nie ook "beduidend" nie. Bernstein verontagsaam hierdie idiosinkratiese feit oor **importantly** as leksikale item.

## 5 'n Vyfde oorweging

In die voorwoord waarvan daar hierbo sprake was, laat Bernstein hom onder meer soos volg uit oor sy wyd gelese taaladvieskolom:[6]

(20) "**Dos Don'ts and Maybes of English Usage** draws its material almost entirely from the column and a good deal of the column consists of answers to readers' questions. Inevitably some of the answers embrace material that I wrote about in **The Careful**

http://spilplus.journals.ac.za/



Writer, but most do not. The column, by the way, is a thrice-weekly, nationally syndicated production called 'Bernstein on Words'. That title wasn't my idea; to me it sounds immodest ...

"Nobody had to persuade me to write the column. Of course, I thought it would help me, but more importantly, I thought it would help users and readers of English everywhere. And without doubt many of them --- too many of them --- need help. Just read your average newspaper, listen to interviews and talk shows on television or study your daily mail and you will find that English usage is becoming English loosage: bad grammar, an excess of slang, too many words to express something simple, pomposity and pretentiousness and lack of clarity."

Bernstein raak hier etlike soorte punte aan wat instemming sou kan uitlok by taalpraktisyns wat, soos ek, hul brood verdien met vertaalwerk en redigeerwerk. Byvoorbeeld, baie skrywers en sprekers van Engels, maar ook van Afrikaans, begaan inderdaad foute en het dus taaladvies nodig; baie begaan inderdaad ongelukkighede soos die gebruik van onhelder stelwyses, of die gebruik van 'n oormaat woorde, en het dus styladvies nodig.

Maar vir my doel in hierdie stuk gaan dit nie soseer om die diagnose, hoe akkuraat ook al, wat Bernstein van die Engelse taalgebruikstoneel gee nie. Ek wil eerder die vraag stel of die betekenis van **importantly**, naamlik "op grootdoenerige wyse", binne die konteks van hierdie voorwoord vanpas is. Let spesifiek op twee items in hierdie konteks (my onderstreping):

(21) (a) "That title wasn't my idea: to me it sounds <u>immodest</u>."

(b) ".... English usage is becoming English loosage: bad grammar, an excess of slang, too many words to express something simple, <u>pomposity</u> and <u>pretentiousness</u> and lack of clarity."

Die inhoud van hierdie twee items weerspieël 'n belangrike wellewendheidsbeginsel, wat geld vir skrywers en ander mense:

(22) Moet liefs nie grootdoenerig wees nie.

Die meeste mense onderskryf ongetwyfeld hierdie beginsel as een van hul norme vir sosiale gedrag, met inbegrip van taalgedrag. Vir my lyk dit dus dodelik onvanpas dat Bernstein juis in hierdie konteks, waar hy onbeskaamdheid en grootdoenerigheid ondubbelsinnig afkeur, van homself sê

http://spilplus.journals.ac.za/



"more importantly, I thought...". Immers met hierdie uiting oortree hy ook 'n tweede, verwante, wellewendheidsbeginsel:

(23) As jy dan tog grootdoenerig is, moet liefs die feit nie by die naam noem nie.

My hoofpunt hier is nou dit: 'n vyfde taalwetenskaplike oorweging in verband met Bernstein se **importantly**-uiting is dat dit strydig is met ten minste twee wellewendheidsbeginsels betreffende taalgedrag as sosiale gedrag.

## 6 Die bespreking opgesom en die drie vlakke daarvan benoem

My indruk is dus dat daar ten minste vier onderskeie redes is waarom Bernstein se **importantly**-uiting, in (1) hierbo gegee, onaanvaarbaar is. In die uiting word, ten eerste, twee semantiese funksies met mekaar verwar en tegelykertyd, ten tweede, twee sintaktiese kategorieë met mekaar verwar. In die derde plek hou Bernstein in sy taalgedrag nie daarmee rekening nie dat **importantly**, anders as byvoorbeeld **significantly**, 'n enger betekenis het as die van die verwante adjektief. Hierdie drie redes lê almal op die vlak van die grammatika van die taal. Die eerste rede lê op die subvlak van die semantiese struktuur van sinne. Die tweede rede lê op die subvlak van die sintaktiese struktuur van sinne. Die derde rede lê op die subvlak van die semantiese inhoud van leksikale items.

Ten vierde: om op te tree, byvoorbeeld om 'n mening te huldig, "op grootdoenerige wyse" (die enigste betekenis van **importantly**), en om te sê dat jy "op grootdoenerige wyse" optree, is albei handelinge wat op die vlak van taalgebruik as sosiale gedrag as onvanpas beoordeel moet word, want albei hierdie handelinge is strydig met 'n wellewendheidsbeginsel. Hier het ons te make met oorwegings nie op 'n grammatiese vlak nie maar op 'n pragmatiese vlak.

Daarby het ek die indruk dat die "herbergsaamheid" van die sinsbeginposisie vir adverbiale uitdrukkings, en die semantiese verskeidenheid van die adverbiale uitdrukkings wat daar "geherberg" kan word, versagtende omstandighede uitmaak in die lig waarvan 'n taalgedragsfout soos die oortreding van die adjektiefnorm makliker te verstaan en te verskoon is. Hier lyk dit my, het ons te make met 'n oorweging op 'n psigologiese vlak -

http://spilplus.journals.ac.za/



-- 'n oorweging betreffende prosesseringskompleksiteit wat ek, heel losweg, so sou kan aandui:

(24) Veelheid van nogal eenderse faktore help vergissing aan.

## 7 Die bespreking in breer verband ingebed

Ten slotte stel ek graag enkele algemene opmerkings. Ek meen dat bostaande bespreking, wat toegespits was op 'n spesifieke gebruiksnorm vir 'n enkele taal, Engels, ook in breër verband gesien moet word. Ek bedoel: in die verband van algemene vrae oor die meriete van taalgebruiksnorme. Bloot tentatief wil ek graag twee sulke vrae hier aandui. Ek dink aan 'n vraag soos dié, wat 'n vraag na gronde is:

(25) Op watter soorte van oorweginge behoort taalgebruiksnorme gegrond te word?

Ek dink ook aan 'n vraag soos dié, wat 'n vraag na argumentasie is:

(26) Deur middel van watter soorte argumente behoort taalgebruiksnorme op die oorweginge gegrond te word?

Sulke vrae behoort tot 'n hele klas van vrae op die terrein van taalgebruiksnormering as 'n terrein van die toegepaste taalwetenskap.

Bostaande bespreking van die adjektiefnorm het niks uitdrukliks te sê gehad in verband met die vraag na redenasiepatrone in die toegepaste taalwetenskap nie; wel sluit dit uitdruklik aan by die vraag na die gronde vir taalgebruiksnorme. Uit die bespreking het immers geblyk dat die adjektiefnorm deur ten minste drie taalwetenskaplike feite oor Engels gesteun word --- naamlik feite in verband met die onderskeid tussen twee sintaktiese kategorieë, en die verskil in betekenisbestek tussen **important** en **importantly** --- en deur taalwetenskaplike feite oor wellewendheid by taalgedrag.

Die bespreking illustreer dus, op 'n weliswaar beperkte manier, hoe taaladviseurs te werk kan gaan om taalgebruiksnorme te baseer op feite oor die struktuur en betekenisse van die betrokke taal of tale en oor die

http://spilplus.journals.ac.za/



status van taalhandelinge as minder of meer gewaardeerde sosiale gedrag. Die strewe om taalgebruiksnorme te grond op taalwetenskaplike feite kan myns insiens maar net aanbeveel word in die lig van 'n kriterium waarteen praktisyns met professionele trots seker geen beswaar sou wil uitbring nie. Ek bedoel hier: die kriterium van so objektief moontlike beredenering van professionele oordele en besluite. Immers, vrae soos die "gronde"-vraag en die "argumentasie"-vraag vooronderstel die aanvaarding van 'n algemene intellektuele waardeoordeel wat ek só sou wil aandui:

(27) Eksplisiete, self-kritiese en konsekwente beredenering gerugsteun deur toepaslike feite is 'n nie-onderhandelbare bate.

http://spilplus.journals.ac.za/



# NOTE

* Hartlike dank aan Johan Kruger, hoof van die Tak Engels van die Staatstaaldiens, wat my aandag op die adjektiefnorm en op die Bernstein-sin gevestig het en my ruimhartig gehelp het toe ek na groter helderheid op soek was, aan Tom McLachlan, wat op kort kennisgewing indringende redaksionele advies verskaf het, en aan Rudie Botha, wat vrugbare kommentaar op die inhoud gelewer het. Die blaam vir alle gebreke eis ek vir myself op.

1 Geriefshalwe onderskei ek in hierdie stuk opsetlik nie tussen uitings en die talige uitdrukkings, byvoorbeeld sinne, wat aan uitings onderliggend is nie.

2 Vergelyk (Bernstein 1977:v). Terloops: stilisties of retories gesproke, sou die woorde **I thought** in die laaste gedeelte van die **importantly**-sin myns insien beter ingepas het in die rol van 'n interpolasie. As taalpraktisyn sou ek hierdie sin dus tot byvoorbeeld die volgende wil redigeer: "Of course, I thought it would help me, but, more important, it would (I thought) help users and readers of English everywhere".

3 Vergelyk (Morris (red.) 1969:661).

4 Vergelyk (Gove (red.) 1976:1452).

5 Vergelyk (Perrin 1965:481).

6 Vergelyk (Perrin 1965:482).

7 Vergelyk (Perrin 1965:482).

8 Vergelyk (Bernstein 1977:v-vi).

http://spilplus.journals.ac.za/



# BIBLIOGRAFIE

Bernstein, Theodore M. (1977) **Dos, Don'ts and Maybes of English Usage.** New York: Times Books.

Gove, Babcock (red.) (1976) **Webster's Third International Dictionary of the English Language.** Springfield, Massachusetts: G. and C. Merriam Company, Publishers.

Morris, William (red.) (1969) **The Heritage Illustrated Dictionary of the English Language.** Boston: American Heritage Publishing Company, Inc.

Perrin, Porter G. (1965) **Writer's Guide and Index to English.** Chicago: Scott, Foresman and Company.